



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 12 Maart 2020

Gedagte van die week:

Jesus het nie 'n kerk begin nie. Ons het. Jesus het mense liefgehad. Een vir een. Dis al.

Teks van die week:

Johannes 4:1-42

Meditasie uit die Woord:

Die eerste Christensending in Samaria was 'n "los" vrou. Sy was al by haar sesde man. Jesus loop haar raak by 'n put waar sy alleen water skep. Hy oortree al die reëls van sy tyd en gesels met haar. Sy probeer om Hom uit te lok tot debat oor wie die regste is, die rasegte Jode of die baster Samaritane. Sy wil Hom weghou van haar lyf en haar hart. Jesus systap haar soos Mannelies Roux. Hy help haar om te verstaan dat sy 'n dieper dors het wat nie deur "stout" mans of 'n politieke en godsdienstige debat bevredig kan word nie. En sy vang dit. En haar lewe en haar dorp verander. Alles verander. Samaritane omhels 'n Jood! Ek wil nie hieroor preek nie, ek wil dit net gaan leef. En toe stuur God hierdie week twee mense op my pad wat dit alles bevestig. Lees hieronder.

Meditasie uit die lewe:

Hierdie week het 'n elektriese kontrakteur die pastorie se elektriese bedrading tot bevrediging van Santam opdateer. Deur die loop van Donderdagoggend het ek gesprek gevoer met die kontrakteur en later die jong elektrisiën wat die werk hier gelei het. Ek het goed na hulle geluister en besef hoe moeilik dit soms vir almal is. Die kontrakteur moet sy besigheid so bedryf dat dit 'n wins maak sodat hy salarisse en lone kan betaal. Hy wil sy mense vertrou dat hulle maksimum werk per dag doen. Die werknemer voel hy maak die kontrakteur ryk terwyl hyself arm bly en sy spanlede voel nóg meer so. Hulle gee nie om as hulle nie produktief is nie, want hulle verloor niks, dit is is die kontrakteur wat verloor. So die kontrakteur moet dag na dag op en af jaag van perseel tot perseel om op te "check" en die spanleier is tussen die kontrakteur en sy spanlede vasgevang. Ek het besef dat ek stadiger en versigter en sagter moet "preek", want die lewe buite die kerkgebou se mure is moeiliker!! Ons het meer putte van Sigar nodig waar ons mense een vir een kan ontmoet, soos Jesus. Laat my dink aan die hartseer temalied van *Life is Beautiful*: "Life is beautiful, we live until we die. When you run into my arms we steal a perfect moment. Let the monsters see you smile, let them see you smiling. Do I hold you too tightly? When will the hurt kick in? Life is beautiful, but it's complicated we barely make it. We don't need to understand, there are miracles, miracles. Yeah, life is beautiful, our hearts - they beat and break". So ek dink ons moet meer "perfect moments" steel. Ek hoop Sondagoggend sal ook so 'n oomblik wees.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net